


# Handeling 3



### **Handelinge 3:1-26**

1 En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur. 2 En daar is 'n sekere man aangedra wat van sy geboorte af kreupel was; hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word, om 'n aalmoes te vra van die wat in die tempel ingaan. 3 Toe hy sien dat Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n aalmoes gevra. 4 En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons.

5 En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang. 6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!

7 Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. 8 En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys. 9 En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys. 10 En hulle het hom herken, dat dit hy was wat by die Skone Poort van die tempel gesit het om te bedel, en hulle is vervul met verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het.

11 En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word.

12 En toe Petrus dit sien, sê hy vir die volk: Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop?

13 Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat. 14 En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word, 15 en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is. 16 En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.

17 En nou, broeders, ek weet dat julle dit in onwetendheid gedoen het, net soos julle owerstes; 18 maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. 19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle

sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, 20 en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, 21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete. 22 Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. 23 En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word. 24 En ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dae aangekondig. 25 En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. 26 God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer.

### **1. Handeling 3:1-10 – Die genesing van die verlamde man**

**1 En Petrus en Johannes het saam na die tempel opgegaan op die uur van die gebed, die negende uur. 2 En daar is 'n sekere man aangedra wat van sy geboorte af kreupel was; hulle het hom elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word, om 'n aalmoes te vra van die wat in die tempel ingaan. 3 Toe hy sien dat Petrus en Johannes die tempel wou binnegaan, het hy om 'n aalmoes gevra. 4 En Petrus saam met Johannes het hom stip aangekyk en gesê: Kyk na ons.**

**5 En hy het sy oë op hulle gehou in die verwagting dat hy iets van hulle sou ontvang. 6 Maar Petrus sê: Silwer en goud het ek nie; maar wat ek het, dit gee ek vir jou: In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!**

**7 Toe gryp hy hom aan sy regterhand en rig hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword. 8 En hy het opgespring en gestaan en rondgeloop en saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy rondloop en spring en God prys. 9 En die hele volk het gesien hoe hy daar loop en God prys. 10 En hulle het hom herken, dat dit hy was wat by die Skone Poort van die tempel gesit het om te bedel, en hulle is vervul met verwondering en verbasing oor wat met hom gebeur het.**

#### **1.1 Vrae by Handeling 3:1-10**

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1. Wat is kenmerkend ooreenstemmend tussen Handeling 2:1-13 en 3:1-10?</li><li>2. Wanneer het Petrus en Johannes na die tempel gegaan? (vers 1)</li></ol> |
|---|

### 3. Wat is belangrik aan die negende uur dat hulle dan na die tempel gaan? (vers 1)

Om die **ooreenkoms** tussen Handeling 2:1-13 en Handeling 3:1-10 raak te sien, moet 'n mens eintlik Handeling 2:1-47 langs Handeling 3:1-4:37 bekyk. Handeling 2:1-13 en Handeling 3:1-10 is die beskrywing van 'n wonderlike en bonatuurlike gebeurtenis vanuit 'n toeskouer se oogpunt. In Handeling 2 word die koms van die Heilige Gees beskryf en in Handeling 3 die genesing van die verlamde man. Die feitelike gebeure word in albei gevalle vertel en by albei gevalle het die skare mense verwonderd en verbaas gestaan oor wat gebeur het.

Op hierdie wonderlike en bonatuurlike gebeure volg daar prediking deur Petrus. Hy neem die gebeure as die wegspring plek en verklaar dit op so 'n wyse dat Christus daardeur verheerlik word. Dit is die Christus wat deur die hoorders van die prediking doodgemaak is maar deur God uit die dood opgewek is (Hand 2:23-39; 3:13-16). By elkeen van hierdie prediking geleenthede het Petrus die mense opgeroep tot bekering sodat hulle kan deel hê aan die seën van die Here (Hand 2:38 e.v.; 3:17 e.v.).

In die derde plek vertel Lukas wat die gevolge op die prediking was. In Handeling 2 word vertel van die Gees vervulde kerk wat hulle toelê op onderrig deur die apostels, aanbidding en mededeelsaamheid. In Handeling 4 word vertel van die vervolging wat van buite die kerk begin het, maar ook van die aanbidding en mededeelsaamheid.

Petrus en Johannes het op die **negende uur** na die tempel gegaan. Die negende uur is drie uur in die middag. Lukas sê uitdruklik dat dit die uur van gebed is.

Die **negende uur** is die tweede gebedstyd by die tempel. Die eerste gebedstyd by die tempel is die derde uur. Hierdie tweede gebedstyd volg op die offer wat in die namiddag gebring is. Lukas sê uitdruklik dat dit die uur van gebed was. Die gelowiges en die apostels as die voorgangers wat die Here aangestel het, het geweet dat die offers wat nog in die tempel gebring word in Christus se volmaakte offer vervul is. Daarom gaan hulle nie vir die offer na die tempel nie, maar vir gebed. Die gelowiges het na die tempel gegaan om God te prys en te dank vir die offer van Christus (Luk 24:53; Hand 2:46). Calvyn sien in hierdie opgaan van

die apostels na die tempel ook 'n evangeliseringshandeling. Petrus en Johannes het gegaan om die evangelie aan nog mense te verkondig. Die negende uur is ook die tydstip waarop Jesus sy vierde kruiswoord op Golgota gespreek het na die drie ure van duisternis.

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>4. Wie het die man aangedra? (vers 2)</li><li>5. Hoekom het hulle hom aangedra? (vers 2)</li><li>6. Waarheen het hulle hom aangedra? (vers 2)</li><li>7. Hoekom het hulle hom daarheen aangedra? (vers 2)</li></ol> |
|---|

Nêrens in die Skrifgedeelte tot aan die einde van Handeling 4 word gesê wie die man **aangedra** het nie. Dit kon vriende of familie wees wat die man aangedra het.

Hierdie man wat aangedra is, was **van sy geboorte af kreupel**. Hy kon dus nie self van een plek na 'n ander plek gaan nie. En as hy van een plek na 'n ander moes gaan, was dit met moeite en gesukkel. Buiten dat daar nog verhaal word dat hierdie man in die Naam van Jesus Christus genees is sodat hy kon loop, is die enigste inligting oor hierdie man self dat hy ouer as veertig was toe Petrus en Johannes hom by die tempel aangetref het (Hand 4:22).

Ter wille van die verheerliking van die Here is dit belangrik om op te merk dat hierdie man van geboorte af kreupel was. Hy het dus in sy hele lewe van meer as veertig jaar nog nooit op sy voete gestaan en geloop nie.

Die mense wat hierdie man aangedra het, het hom **elke dag neergesit by die tempelpoort wat die Skone genoem word**. Dit is nie heeltemal duidelik presies na watter tempelpoort Lukas hier verwys nie. Daar was drie poorte aan die ooste kant van die tempel gebou. Die heel buitenste poort is die een wat van die buite wêreld af in die voorhof van die heidene ingaan. Die tweede poort het van die voorhof van die heidene in die voorhof van die vroue ingegaan. En die derde poort wat ook die poort van Nikanor genoem is, het van die voorhof van die vroue in die voorhof van Israel ingelei waar die brandofferaltaar ook geleë was.

Na alle waarskynlikheid verwys die poort wat die Skone genoem word na die tweede poort wat ingelei het na die voorhof van die vroue. Dit is hoe baie verklaarders dit ook verstaan. Die Joodse historikus, Josefus, is van oordeel dat die Skone poort die Nikanorpoort is. Die

poort is so genoem omdat 'n Aleksandrynse Jood met die naam Nikanor die brons vleueldeure sou geskenk het.

Hierdie kreupel man is na die poort van die tempel gedra **om 'n aalmoes te vra** van die wat by die tempel ingaan. Al die Joodse mans en vroue wat na die tempel gegaan het om God te aanbid sou by hierdie poort in- en uitgegaan het. Dit was 'n baie geskikte plek om te sit en aalmoese vra weens die druk verkeer by hierdie poort. Boonop was dit vir die Jode 'n goeie werk om aalmoese te gee vir die armes (vgl. Matt 6:1), soos die Fariseërs hulle geleer het. Volgens die bepalings van die Here mag daar nie bedelaars in Israel wees nie (Eks 22:25; 23:6, 11), maar hierdie bepalings is nie onderhou nie (Mark 12:40).

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>8. Hoekom het die man gebedel by hulle wat na die tempel ingaan? (vers 3)</li><li>9. Hoekom het Petrus en Johannes die man stip aangekyk? (vers 4)</li><li>10. Hoekom het hulle vir die man beveel om na hulle te kyk? (vers 4)</li></ol> |
|---|

Bedelaars soek die bes moontlike plek uit waar hulle kan bedel. 'n Bedelaar maak staat op die verbyganger se goedhartigheid en jammer gevoel. Hierdie man het by die **ingang na die tempel** gebedel sodat die verbygangers se godsdienstige skuldgevoel geprikkel kan word. Mense wat erns maak met hulle diens aan die Here is gewoonlik meer vrygewig teenoor 'n bedelaar wanneer hulle ingaan om te bid.

Hierdie man het elke dag by die Skone poort gesit en bedel. Tydens Jesus se werk op aarde sou die man ook daar gesit het. Jesus sou hom na alle waarskynlik ook gesien het en hy vir Jesus. Maar te midde van alles wat gebeur het, het hierdie man nie vir Jesus geken nie. Hy sou miskien net van hom geweet het. Gedurende Jesus se openbare optrede as Middelaar was dit nog nie God se bestemde tyd om hierdie man te genees nie. Dit was ook nog nie die bestemde tyd gewees dat hy Jesus sou leer ken nie. Maar nou, na die hemelvaart van Jesus en aan die begin van die vestiging van die kerk in Jerusalem het die tyd vir hierdie man se verlossing aangebreek. Aangesien Petrus en Johannes met die Heilige Gees vervul is, was hulle ingestel op die leiding wat die Gees aan hulle gee. Daarom, **gelei deur die Heilige Gees**, het Petrus en Johannes op daardie tyd die man stip aangekyk.

Die Heilige Gees het Petrus en Johannes se volle aandag in daardie stadium op hierdie man gevestig. Omdat bedelaars gewoonlik uit skaamte eerder na onder kyk, het Petrus die man **beveel** om na hom en Johannes te kyk. Die man moet ook nou sy volle aandag aan Petrus en Johannes skenk sodat sy aandag op die Here Jesus gevestig kan word.

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>11. Wat het die man gedink toe Petrus en Johannes soveel aandag aan hom skenk? (vers 5)</li><li>12. Hoekom het Petrus gesê dat hy nie silwer en goud het nie? (vers 6)</li><li>13. Wat het Petrus gehad om aan die man te gee toe hy sê <i>maar wat ek het gee ek aan jou?</i> (vers 6)</li><li>14. Hoekom sê Petrus uitdruklik <i>in die Naam van Jesus Christus, die Naserener?</i> (vers 6)</li></ol> |
|--|

Lukas skryf dat die man Petrus se bevel gehoorsaam het. Hy het na Petrus en Johannes opgekyk, want hy **het verwag** dat hulle vir hom iets sou gee. Inderwaarheid het hierdie man die gewone aalmoes – ’n muntstukkie – van hulle verwag. Dit mag ook wees dat hy meer as net ’n muntstukkie van hulle verwag het, want die verbygangers gee gewoonlik iets sommer net so in die verbygaan. Petrus en Johannes het egter by die man gaan stil staan en hom aangekyk en ook beveel dat hy na hulle moet kyk.

Wanneer Petrus vir die man sê dat hy **nie silwer en goud het nie**, maak hy dit duidelik dat hy nie die gewone en verwagte aalmoes aan die man gaan gee nie. Natuurlik sou daar by die aanhoor van hierdie woorde teleurstelling by die man gewees het. Hy het immers met verwagting na Petrus en Johannes opgekyk. Moontlik het hy meer as die gewone aalmoes verwag omdat Petrus en Johannes sulke besondere aandag aan hom gegee het. Dit kon in die verlede al gebeur het dat van die Fariseërs en skrifgeleerdes ook so aan hom aandag gegee het omdat hulle aalmoese gegee het met die bedoeling dat omstanders kan sien watter goeie werk hulle doen en hulle geprys kon word deur die mense. Maar aangesien hy hoor dat Petrus nie silwer en goud het nie, kon hy by homself dink dat hy maar sal neem wat hulle ook al vir hom gee – hy is buitendien maar net ’n bedelaar. Daarom sou hy hom met die aanhoor van hierdie woorde gereed gemaak het om beslis nie ’n muntstuk as aalmoes te ontvang nie, want Petrus sê dat hy vir hom sal gee wat hy het.

Alhoewel Petrus nie silwer en goud het nie, **het hy tog iets gehad om aan die man te gee**. Petrus en Johannes was deur die Heilige Gees oortuig dat die Here aan hierdie verlamde man

gesondheid wil gee. Die Here Jesus wil deur sy apostels sy goedertierenheid aan hierdie man gee. Jesus het immers ook aan sy apostels die mag en gesag gegee om duiwels uit te dryf en siektes te genees (Luk 9:1). Petrus en Johannes het geloof in Jesus Christus gehad. En wat hulle aan die man gaan gee is 'n demonstrasie van wat hierdie geloof in Jesus Christus gaan veroorsaak. Die vernuwing wat Christus aan sy liggaamlike toestand gaan bring is egter net die begin. Daar is ook vernuwing vir hierdie man se ganse lewe in Christus.

Petrus het die man **in die Naam van Jesus Christus, die Naserener**, beveel om op te staan en te loop. Dit is nie Petrus self wat die man genees nie, maar Jesus Christus wat dit deur middel van Petrus en Johannes doen. Petrus sê later uitdruklik aan die skare mense wat verwonderd rondom hulle saamgedrom het dat die man nie deur sy en Johannes se krag en godsvrug loop nie (Hand 3:12). Jesus Christus gee die krag aan hierdie man sodat sy lewe vernuwe kan word. Maar hierdie man moet ook weet van watter Jesus Petrus praat. Hy is Jesus Christus van Nasaret – die Jesus wat deur die Jode verag is en juis oor sy herkoms van Nasaret bespot is. Hierdie Jesus is die Christus en die Hersteller van mense se lewens.

15. Hoekom het Petrus die man aan sy regterhand gegryp? (vers 7)  
16. Wat was die eerste gevolg wat die verlamde man opgemerk het? (vers 7)

Petrus het vir die man gesê: **In die Naam van Jesus Christus, die Nasaréner, staan op en loop!** Alhoewel die man weet wat dit beteken om op te staan en te loop, het hy dit in die meer as veertig jaar van sy lewe nog nooit gedoen nie. Hy was immers van sy geboorte af kreupel (Hand 3:2). Petrus het die man **aan die regterhand gegryp** nie om daardeur die genesing aan die man oor te dra nie, maar om die man op te help.

Dit is een ding om te sê dat die man moet opstaan en loop, maar dit is iets anders om die woorde dadelik op te volg met die daad om die man op te help. Indien Petrus maar net gesê het dat die man moet opstaan en loop en hy het nie opgestaan en geloop nie, kon daar maklik gesê word dat die man se geloof te swak was. Maar dit gaan in hierdie gedeelte nie oor die man se geloof, maar oor die geloof wat Petrus in die Here Jesus het. Petrus is deur die Heilige Gees oortuig dat die Here hierdie verlamde man nou wil genees. Daarom het hy met oortuiging sy woorde opgevolg met die daad om die man op sy voete te help.



Die kreupel man het dadelik aan sy voete en enkels gevoel hoe hulle **versterk word**. Hy is werklik waar in staat om te staan en te loop.

17. Wat het die man alles gedoen nadat hy genees is? (vers 8)  
18. Wat was die volk se reaksie op hierdie gebeure? (vers 9 en 10)

Lukas skryf drie maal dat die man geloop het (Hand 3:8, 9). Toe Petrus hom opgehelp het, het hy **opgespring, gestaan en rondgeloop**. Sy voete en bene wat hy sy hele lewe lank nog nie kon gebruik nie, het hy getoets en gebruik. Hy het dit wat die Here aan hom gegee het gebruik en nie gebêre nie.

Die tweede ding wat hy gedoen het, was om saam met Petrus en Johannes **in die tempel in te gaan**. Dit is iets wat hy voorheen nie kon nie, maar ook nie mag doen nie. Iemand met 'n liggaamsgebrek mag nie by die altaar van die Here kom nie (Lev 21:18). Boonop was daar ook nog trappe van waar die man gesit het in die voorhof van die vroue in. Hierdie man het na sy genesing saam met die twee apostels die trappe opgeklim en in die tempel ingegaan. Verder het die man **God geprys** vir die genade wat hy in die Naam van Jesus Christus ontvang het. Hy het geweet dit is die Here wat hom genees het en hy het die Here gedank vir die weldaad aan hom bewys.

Die hele volk het gesien dat die man loop en gehoor dat hy die Here prys. Soos op Pinksterdag trek die Heilige Gees mense saam deur middel van die woorde wat iemand tot lof van die Here uitspreek. Toe die volk die man sien loop en hoor hoe hy God prys, het hulle hom herken as die man wat vir so baie jare by die poort gesit en bedel het omdat hy verlam was. En die hele volk was **vol verwondering en verbasing** oor wat met die man gebeur het. Soos op Pinksterdag kon die mense ook nou vir mekaar vra wat aan die gebeur is en hoe dit gebeur het dat die kreupel man nou kan loop.

## 1.2 Samevatting

Die Here Jesus skep 'n geleentheid sodat sy apostels Hom aan die mense kan verkondig. Deur die oortuiging van die Heilige Gees het Petrus en Johannes geweet dat hierdie kreupel man genees moet word.

In hierdie gedeelte word daar niks opgemerk oor die kreupel man se geloof nie. Dit is eerder Petrus en Johannes se geloof in Jesus Christus wat hier 'n rol speel. Petrus beveel die man om op te staan en te loop. En dan gaan hy verder om hierdie man in die meer as veertig jaar van sy lewe nog nooit geloop het nie op sy voete te help. Petrus en Johannes was waarlik oortuig van die Here Jesus se krag in hierdie wonder.

Wanneer die man dan opstaan en loop en spring, loof en prys hy die Here vir die wonder wat aan hom gedoen is. Dit is asof die man se aandag geensins op Petrus en Johannes gevestig is nie maar op die Here. Al aandag wat hy aan Petrus en Johannes gee is om saam met hulle in die tempel in te gaan wat hy voorheen nie kon doen nie.

Die verkondiging van hierdie wonderwerk is nie maar net die wonder van die wonderwerk nie. Dit gaan hoofsaaklik oor die heerlikheid van die Here Jesus Christus in hierdie wonderwerk. Hierdie wonderwerk is ook 'n beskrywing van die verlossingsmag van ons Here Jesus Christus. Hy alleen bring verlossing waar dit voorheen onmoontlik gelyk het.

## **2. Handeling 3:11-26 – Petrus se prediking in die tempel**

**11 En toe die kreupel man wat genees was, aan Petrus en Johannes vashou, het die hele volk uitermate verbaas na hulle gehardloop in die pilaargang wat Salomo s'n genoem word.**

**12 En toe Petrus dit sien, sê hy vir die volk: Israeliete, waarom is julle hieroor verwonderd, of waarom kyk julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of godsvrug bewerk het dat hy loop? 13 Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, Hom wat julle oorgelewer en voor Pilatus verloën het toe hy besluit het om Hom los te laat. 14 En julle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar aan julle geskenk sou word, 15 en die Leidsman tot die lewe het julle gedood. God het Hom uit die dode opgewek, waarvan ons getuies is. 16 En deur die geloof in sy Naam het sy Naam hierdie man, wat julle sien en ken, sterk**

gemaak, en die geloof wat deur Hom is, het hom hierdie volkome gesondheid gegee in die teenwoordigheid van julle almal.

17 En nou, broeders, ek weet dat julle dit in onwetendheid gedoen het, net soos julle owerstes; 18 maar God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het deur die mond van al sy profete, dat die Christus sou ly. 19 Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom, 20 en Hy Hom mag stuur wat vooraf aan julle verkondig is, naamlik Jesus Christus, 21 Hom wat die hemel moet ontvang tot op die tye van die wederoprigting van alle dinge, waarvan God van ouds af gespreek het deur die mond van al sy heilige profete. 22 Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. 23 En elke siel wat nie na dié Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word. 24 En ook al die profete van Samuel af en die wat gevolg het, almal wat gespreek het, het ook hierdie dae aangekondig. 25 En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. 26 God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te sien deur elkeen van sy booshede te bekeer.

## 2.1 Vrae by Handeling 3:11-26

- |  |
|--|
| <ol style="list-style-type: none"><li>1. Waarheen was die man saam met Petrus en Johannes nadat hy genees is? (vers 8)</li><li>2. Hoe het die ander mense by die tempel gereageer? (vers 9-10)</li><li>3. Waar vind die gebeure van Handeling 3:11-26 plaas? (vers 11)</li><li>4. Hoekom hou die man wat genees is aan Petrus en Johannes vas? (vers 11)</li></ol> |
|--|

Nadat Petrus die man opgehelp het sodat hy op sy voete kon staan en loop, het hy saam met Petrus en Johannes **in die tempel ingegaan**. Dit wil sê, hulle van die poort waar die man gesit en bedel het in die voorhof van die vroue ingegaan deur die Nikanor poort tot in die voorhof waar die brandofferaltaar gestaan het. Daar sou Petrus en Johannes gestaan het om God te aanbid. Dit is immers op die uur van gebed wat hulle na die tempel gegaan het om onder andere te bid.

Op pad na die voorhof toe het die man geloop en gespring en God geprys. Toe hulle binne in die voorhof gekom het, sou hy ook tot God gebid het. Dit sou immers die eerste keer wees wat hy tot hier in die tempel sou kon ingaan.

Die hele volk – dit is al die mense wat daar by die tempel was in daardie stadium – het die man gesien loop en gehoor hoe hy God prys. Die man se optrede was egter eienaardig. Mense loop nie en spring daar in die tempel nie. Miskien was die lofprysings ook nie so algemene gebruik nie. En toe hulle hom herken as die bedelaar by die Skone Poort was hulle met **verwondering en verbasing vervul** oor wat met hom gebeur het.

’n Mens kan jou voorstel hoe die mense die man begin aanstaar het. En hulle het onder mekaar begin praat en uitvra terwyl hulle met die oë of met die hand na hom toe wys.

Die gebeure van Handeling 3:11-26 vind **in die pilaargang van Salomo** plaas. Dit is buite in die voorhof van die heidene. Dit wil sê, nadat Petrus en Johannes en die man wat genees is uit die tempel uitgekom het, het die mense na hulle toe aangehardloop gekom. Dit wil sê, die Heilige Gees het eers ’n hele klomp mense daar in die tempelkompleks goed nuuskierig gemaak voordat hulle na Petrus en Johannes aangehardloop gekom het.

Die man het aan Petrus en Johannes **vasgehou** nie om hom te ondersteun in sy loop nie. Dit kon hy dadelik na die genesing dit behoorlik doen. Miskien het hy aan hulle vasgehou uit dankbaarheid. Maar miskien was dit ook uit skrik, want hier kom dan ’n klomp mense op hulle afgehardloop. Waarskynlik het die man gesien hoe die mense hulle aanstaar en na hulle toe wys toe hulle na die gebed uit die tempel uitgegaan het.

- |   |
|---|
| <ol style="list-style-type: none"><li>5. Hoekom reageer Petrus met ’n vraag aan die skare? (vers 12)</li><li>6. Wat het die skare gesien dat hulle saangedrom het? (vers 12)</li><li>7. Wat bedoel Petrus met die woorde <i>ons eie krag of godsvrug</i>? (vers 12)</li></ol> |
|---|

Dit blyk dat Petrus en Johannes gewoon aangegaan het met hulle verpligtinge. Die genesing van hierdie kreupel man was inderdaad iets groots, maar vir die gelowiges soos Petrus en Johannes is dit nie buitengewoon nie. Wie in Jesus Christus glo, is wonderwerke te wagte. So iets kan gebeur, want Jesus Christus is God en Hy doen steeds kragte, wonders en tekens,

alhoewel Hy nou in die hemel is. Daarom vra Petrus die skare mense **hoekom is hulle verwonderd**. Dat hierdie man nou kan loop, is eintlik iets heeltemal normaal wanneer die Here aan die werk is en mense hulle aan Jesus onderwerp.

Die skare mense het **die man wat sy lewe lank nog kreupel was en by die Skone Poort gesit en bedel het, gesien loop en spring en God prys**. Onder mekaar sou hulle gevra het hoe so iets kon gebeur. Ander sou opgemerk het dat hulle vir Petrus en Johannes sien praat het met die man. Nog iemand sou sê hoe hy gesien het dat Petrus die man op sy voete gehelp het. Iemand anders merk op dat Petrus iets vir die man gesê het voordat hy hom opgehelp het – iets soos staan op en loop. Die man was ook saam met Petrus en Johannes in die tempel in en nou loop hy steeds saam met hulle. Na aanleiding van die res van Petrus se vraag lei 'n mens af dat die mense gedink het en miskien so gesê het dat Petrus en Johannes iets met hierdie man se genesing te doen het.

Die skare het vir Petrus en Johannes met bewondering aangekyk. Moontlik het hulle vir mekaar gesê dat Petrus en Johannes die man genees het. Party het immers gesien hoe Petrus met die man praat en dat hy hom op sy voete gehelp het. Met die manier waarop Petrus die vraag stel, wil hy die skare mense reghelp. Dit is nie deur sy en Johannes se **krag en godsvrug** dat hierdie man nou loop nie.

Petrus en Johannes het nie self die innerlike krag om te bewerk dat hierdie man loop nie. Dit is ook nie omdat hulle twee so 'n hegte verhouding met die Here het en so getrou en gehoorsaam aan die Here leef dat hierdie man nou loop nie. Eintlik het hierdie man se genesing absoluut niks met Petrus en Johannes as persone of selfs as apostels iets te doen nie. Hulle was bloot die instrumente wat deur Jesus Christus gebruik is om self sy eie werk in hierdie man se lewe te doen. Petrus en Johannes het dus net gedoen wat die Heilige Gees hulle beveel het om te doen. Jesus is die een wat die wonder bewerk het.

Petrus en Johannes weet dat Jesus hierdie wonder met die man deur middel van hulle gedoen het. Maar die skare weet dit nog nie. Die skare is onder die indruk dat Petrus en Johannes die wonder bewerk het. Daarom, so sou die mense kon redeneer, is dit voordelig om vir Petrus en Johannes te ken en hulle as vriende te hê. Hierdie manier van dink oor Petrus en

Johannes is so eie aan die Jode en eintlik eie aan alle mense. Nadat Jesus die eerste keer die brood en die vis vermeerder het wou die skare mense Hom met geweld koning maak omdat dit voordelig is om so 'n koning te hê – daar sal altyd kos wees en nooit weer hongersnood nie (Joh 6:1-15). Die mense moet nie aanhangers van Petrus en Johannes word. Hulle moet getuies van Jesus Christus word.

- |     |   |
|-----|---|
| 8.  | Hoekom gee Petrus nie net die eenvoudige antwoord nie? (vers 13-16) |
| 9.  | Hoekom gee Petrus so 'n uitbreiding aangaande God? (vers 13)        |
| 10. | Hoekom noem Petrus Jesus uitdruklik <i>Kind</i> van God? (vers 13)  |
| 11. | Kan 'n mens iets meer aflei uit die begrip <i>Kind</i> ? (vers 13)  |

Aanvanklik klink dit asof Petrus dadelik gaan sê hoe dit kon gebeur het dat die kreupel man nou loop, maar hy gee nie die eenvoudige antwoord nie. Wanneer 'n mens oppervlakkig luister en lees, lyk dit asof Petrus glad nie sê hoekom die man nou loop nie. Hy sê immers eers wat God gedoen het – God het sy Kind Jesus verheerlik. Daarna brei Petrus uit wat die Jode met Jesus gedoen het en eers in vers 16 sê hy hoe dit nou gekom het dat die man loop.

Natuurlik is Petrus deur die Heilige Gees gelei om nie net **eenvoudig te antwoord** dat Jesus die man genees het nie. Hoekom die Heilige Gees vir Petrus so gelei het, weet Hy presies. Ons kan egter net afleidings maak. 'n Eenvoudige antwoord sou kon veroorsaak dat die skare maar net kennis neem en sê: O, so dit is nie julle nie, en dan teleurgestel omgedraai het en geloop het. Petrus en Johannes is dus nie sulke wonderlike mense nie.

'n Ander moontlikheid is dat die skare Petrus en Johannes dan met 'n warboel van vrae sou gepeper het en die belangrikste wat hulle moes hoor sou nie by hulle uitgekóm het nie. Daarom lei die Heilige Gees vir Petrus om eers duidelik Jesus Christus aan die skare te verkondig. Indien daar nog vrae is, kan dit na die tyd hanteer word.

Aangaande God maak Petrus dit egter baie duidelik aan die Jode dat hy van die **God van hulle vaders** praat. Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob wat Homself aan hulle in die geskiedenis geopenbaar het. Die skare moet duidelik weet dat Petrus van die God van Israel praat. Die God wat Homself in die Skrifte aan Israel tot nou toe nog openbaar. Dieselfde God wat hulle nogsteeds daar in die tempel aanbid en vir wie hulle dien met hulle offers.

Petrus noem Jesus uitdruklik die **Kind** van God. Op die berg van verheerliking het Petrus saam met Johannes en Jakobus duidelik die stem uit die hemel gehoor wat sê: Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom (Matt 17:1-13). By Petrus en Johannes was daar dus geen twyfel dat Jesus inderdaad die Seun van God is nie. Op die berg van verheerliking het God self bevestig wat die Heilige Gees gedurende die tye vooraf aan Petrus-hulle duidelik gemaak het aangaande Jesus se verwantskap tot God en waarvan Petrus self saam met die ander dissipels belydenis gedoen het (Matt 16:13-20).

Die woord wat ons met **Kind** vertaal kan ook met **Kneg** of **Slaaf** vertaal word. Die begrip Kneg van die Here sou die Israeliete se gedagtes na Jesaja se profesieë aangaande die Kneg van die Here teruggeneem het. Met die wyse waarop Petrus van God gepraat het as die God van ons vaders sou die Israeliete se gedagtes dadelik na die Skrifte toe geneem het. Dit is immers in die Skrifte van die profeet Jesaja waar Israel geleer word van die volmaakte Kneg van die Here (Jes 42; 52:13-53:12).

In Jesaja 52:13 staan dit in soveel woorde geskryf: **Kyk, my Kneg sal voorspoedig wees, Hy sal hoog en verhewe, ja, baie hoog word** (Jesaja 52:13 AFR53).

- |     |   |
|-----|---|
| 12. | Hoe het God sy Seun verheerlik? (vers 13)                 |
| 13. | Wat het die Jode egter met Jesus gedoen? (vers 13)        |
| 14. | Wat beteken dit dat hulle Hom oorgelewer het? (vers 13)   |
| 15. | Hoe het hulle Hom voor Pilatus verloën? (vers 13)         |
| 16. | Hoekom sê Petrus dat Pilatus Jesus wou loslaat? (vers 13) |

Hierdie woorde van Petrus dat **God sy Kind Jesus verheerlik het** herinner aan Jesus se eie gebed in Johannes 17 waar Hy tot die Vader bid: **Vader, die uur het gekom; verheerlik u Seun, sodat u Seun U ook kan verheerlik** (Johannes 17:1 AFR53).

In Petrus se preek op Pinksterdag het hy gesê dat God vir Jesus Here en Christus gemaak het. Dit wil sê, God het dit aan die mense duidelik gemaak dat Jesus inderdaad die Here is. Hy is waarlik God. Dit het die Vader gedoen deur Jesus Christus uit die dood op te wek (Rom 1:4) en Hom te verhoog tot aan sy regterhand in die hemel (Hand 2:33). God het dus sy Seun deur

die opstanding uit die dood en opneem in die hemel verheerlik. Maar Petrus sê dit nog nie so uitdruklik vir hierdie skare nie. Hy hou dit nog eers terug tot by vers 15.

Teenoor God wat sy Seun Christus verheerlik het, sê Petrus wat die Jode met Jesus gedoen het. **Hulle het Jesus oorgelewer en voor Pilatus verloën.** Die Jode het Jesus **oorgelewer** in die hande van Pilatus as regter om Jesus te veroordeel. In die Jode se oë was Jesus niks meer nie as 'n gewone misdadiger wat ter dood veroordeel moet word. Jesus was vir hulle nie Iemand na wie toe hulle moes opkyk nie, maar eerder Iemand van wie hulle hulle gesig in minagting wegdraai (Jes 53:2-3).

Die Jode het Jesus **voor Pilatus verloën** deurdat hulle Hom nie as hulle Koning wou erken nie. Die owerpriesters het uitgeroep na hulle net die keiser as koning het (Joh 18:40). Vir hulle was Jesus niks werd nie. Al waarde wat hulle in Hom gesien het was om Hom weg te gooi soos ou vuilgoed. Hulle wil geensins met Hom geassosieer word nie. Dit is immers wat Petrus self ook gedoen het in die voorhof van die hoëpriester (Luk 22:54-62). Petrus het presies geweet wat hulle gedoen het, want hy het self in dieselfde slaggat getrap. En deur die genade van die Here het hy vergifnis van sy sonde ontvang. Daarom preek Petrus aan hierdie Jode, want die Here se genade is groot. Hulle kan ook vergifnis van die Here ontvang.

Petrus sê dat Pilatus besluit het om **Jesus los te laat**, want Pilatus was vas oortuig dat Jesus geen skuld het wat die doodstraf verdien nie (Joh 18:29-19:16). Maar die skare Jode was vasberade dat Jesus gekruisig moet word. Pilatus het tot drie maal vir die Jode gesê dat hy geen skuld in Jesus vind nie. Dit lyk asof Petrus met hierdie optrede van Pilatus om Jesus los te laat teenoor die optrede van die Israëliete gestel het om hulle te beskaam.

- |     |  |
|-----|--|
| 17. | Wat sê Petrus van Jesus as hy Hom <i>die Heilige en Regverdige</i> noem? (vers 14) |
| 18. | Hoekom sê Petrus weer dat die Jode Jesus verloën het? (vers 14)                    |
| 19. | Wie is die moordenaar wat hulle gevra het? (vers 14)                               |
| 20. | Hoekom noem Petrus vir Jesus <i>die Leidsman tot die lewe</i> ? (vers 15)          |

Met die benaming van Jesus as **die Heilige en Regverdige** beklemtoon Petrus nog 'n keer dat Jesus nie maar net 'n mens is nie. Hy is werklik God. In die Ou Testament word God self baie keer die Heilige genoem. Dit is hoe Hy Homself ook deur sy volk wil laat ken (Lev 10:3). En in aansluiting by die begrip Knege van die Here waaraan Petrus in vers 13 geraak



het, noem hy Jesus ook Regverdige. Dit is hoe die Here sy Kneg ook noem in die vierde Kneqlied (Jes 53:11). Regverdige is die Naam waarmee God self ook benoem word in die Ou Testament (Job 34:17).

Die feit dat die Jode Jesus **verloën** het, is vir Petrus so duidelik en so verskriklik dat hy dit weer 'n keer vir hulle sê. Die skare moet verseker weet dat hulle nie maar net enige verbintenis met 'n volksgenoot ontken het nie. Hulle het hulle verbintenis met God self ontken aangesien hulle die Heilige en Regverdige verloën het.

Die **moordenaar** wat die skare gevra het om aan hulle geskenk te word was Barabbas. Barabbas was saam met mede-oproermakers in die gevangenis. Dit is net Markus wat meld van die moord wat tydens die oproer gepleeg is (Mark 15:7). Johannes praat van Barabbas net as 'n rower (Joh 18:40) en Matteus noem hom 'n berugte gevangene (Matt 27:16). Volgens oorlewering het Markus die evangelie beskryf na aanleiding van wat Petrus aan hom gedikteer het. Dit blyk dus dat Petrus meer van Barabbas se misdaad geweet het. Vir interessantheid – die naam Barabbas kan vertaal word met *seun van 'n vader*. Die skare het 'n onbekende en berugte moordenaar – Seun van 'n vader – gesoek, maar die Seun van die Vader – Jesus Christus – het hulle verloën.

Petrus noem Jesus ook **die Leidsman tot die lewe**. Die begrip *leidsman* – nie dieselfde woord as hier in Handeling 3:15 nie – is die eerste keer in die Nuwe Testament deur Matteus gebruik toe owerpriesters en skrifgeleerdes aan Herodes gesê het waar die Christus gebore sou word (Matt 2:6). Hulle het Miga 5:1 aangehaal. Die begrip *leidsman* is afgelei uit die werk wat gedoen word. Die leidsman sal 'n herder wees vir die volk Israel.

Die herder in daardie tyd het voor sy skape uitgeloopt, soos wat dit ook uit Psalm 23 en Johannes 10 duidelik word. Jesus is die Leidsman tot die lewe omdat Hy sy mense verlos deur sy dood en hulle na en in die nuwe lewe lei – die ewige lewe. Petrus maak die kontras baie duidelik. Die Jode het 'n moordenaar bo Jesus verkies en vir Jesus het hulle doodgemaak. Hulle kies iemand wat 'n leidsman tot die dood is bo Jesus wat die Leidsman tot die lewe is.

- |  |
|--|
| 21.    Waarom meld Petrus die opstanding van Jesus? (vers 15)      |
| 22.    Wie bedoel hy is getuies van Jesus se opstanding? (vers 15) |

Alhoewel die Israeliete Jesus verloën en doodgemaak het, het God Hom uit die dood opgewek. Deur die opstanding uit die dood het God sy Seun verheerlik, soos wat Petrus in vers 13 genoem het. In hierdie verkondiging van Petrus volg die **opstanding** van Jesus organies uit die Naam waarmee hy Jesus so pas genoem het – die Leidsman tot die lewe. As Leidsman tot die lewe het Jesus die lewe in Homself en is Hy ook die lewe (Joh 5:26; 11:25-26). Daarom kon Hy nie in die dood bly nie.

Petrus maak ook melding van Jesus se opstanding omdat dit die belangrikste is wat aangaande Jesus en sy verlossingswerk getuig moet word (Hand 1:22). Deur sy opstanding het die Heilige Gees Hom verklaar as die Seun van God (Rom 1:4). Die wyse waarop Petrus Jesus aan die skare in verse 13 tot 15 verkondig, laat dit duidelik blyk dat Jesus se dood 'n noodsaaklike deel van die proses is in die werk waarvoor sy Vader Hom gestuur het. Hierdie noodsaaklikheid van Jesus se dood en opstanding sal weer beklemtoon word in vers 17 en 18.

Wanneer Petrus sê dat **ons getuies is** verwys hy in die eerste plek na homself en Johannes. Hulle was die eerste twee apostels wat die leë graf gesien het. Hulle is die getuies van Jesus se opstanding. In 'n sekere sin is hierdie kreupel gebore man ook nou 'n getuie van Jesus se opstanding. Die feit dat hy nou kan loop is te danke aan Jesus Christus wat Hom vanuit die hemel genees het. Petrus het hom immers in die Naam van Jesus Christus aangesê om op te staan en te loop (Hand 3:6).

- |  |
|--|
| 23.    Deur wie se geloof is hierdie man genees? (vers 16)                               |
| 24.    Wat bedoel Petrus as hy sê sy <i>Naam het hierdie man sterk gemaak?</i> (vers 16) |

Aan die begin van sy toespraak het Petrus al vir die skare duidelik gemaak dat die kreupel gebore man nie deur sy en Johannes se krag en godsaligheid loop nie (Hand 3:12). Nadat Petrus Christus aan hulle verkondig het, kom hy eers daarby uit om te sê hoe dit gebeur dat hierdie man nou loop. **Deur die geloof in die Naam** van Jesus het sy Naam hierdie man sterk gemaak sodat hy kan loop.

Uit die woorde in vers 16 kan 'n mens nie dadelik raaksien deur wie se geloof hierdie man genees is nie. Baie mense maak die afleiding dat dit deur hierdie kreupel gebore man se geloof in die Naam van Jesus is wat dit gebeur het. Daarom gebeur dit baie maal dat wanneer iemand nie genees word nie dat hulle sê dat die sieke nie genoeg geglo het nie of sy geloof in Jesus is te swak.

Dit lyk eerder – veral wanneer 'n mens vers 12 hier saam lees sowel as die hel;e gedeelte waar die genesing in die eerste tien verse beskryf word – dat dit eerste gaan oor die geloof van Petrus en Johannes. Tot in daardie stadium het daar nog nie so 'n genesingswonder na die hemelvaart van Jesus gebeur nie. Voor die hemelvaart het Jesus baie sulke wonders gedoen. Die apostels het dit ook deur hulle geloof in Jesus gesien hoe daar genesings plaas vind.

Toe Petrus en Johannes die kreupel man sien wat by hulle bedel, is hulle deur die Heilige Gees oortuig dat Jesus hierdie man wil genees. Hulle het die Here geglo. Daarom het Petrus met soveel oortuiging vir die man gesê dat hy in die Naam van Jesus moet opstaan en loop. Petrus het die man selfs op sy voete gehelp, so oortuig was hy gewees.

Wanneer Petrus sê dat **sy Naam hierdie man sterk gemaak het** praat hy van Jesus Christus self. In die Joodse denke is 'n naam nie maar net 'n woord om 'n persoon te identifiseer nie. Die naam druk die eintlike wese van die persoon uit. Sy Naam verwys dus na Jesus self met al sy krag en mag. Jesus Christus het hierdie man sterk gemaak, nie Petrus en Johannes nie.

Petrus maak dit ook duidelik dat die skare hierdie man wat hulle sien goed ken. Hulle almal weet dat hierdie man sy lewe lank nog kreupel is en dat hy al vir jare by die poort gesit en bedel het.

- |  |
|--|
| 25. Wat bedoel Petrus met die woorde <i>die geloof wat deur Hom is?</i> (vers 16)          |
| 26. Hoekom sê Petrus <i>die geloof het hom hierdie volkome gesondheid gegee?</i> (vers 16) |
| 27. Wie is almal getuies van hierdie werk wat Jesus gedoen het? (vers 16)                  |

Petrus laat dit ook duidelik word dat die geloof in die Naam van Jesus nie 'n eienskap van Petrus en Johannes self is nie. **Die geloof is deur Jesus** aan hulle sowel as aan die kreupel man gegee. Die Here aan in daardie oomblikke wat Petrus en Johannes met die man gepraat

het ook geloof gegee sodat hy agter Petrus aan kon opstaan toe Petrus hom aan die hand gevat- en opgehelp het.

**Die geloof het aan die man volkome gesondheid gegee** is dan die geloof wat Jesus nie net aan Petrus en Johannes gegee het maar ook aan hierdie man. Jesus het eintlik die genesing gedoen deur middel van die geloof. Dit lyk my dit is soos om te sê dat die medisyne aan die mens gesondheid gegee het. Die Here gebruik medisyne waardeur Hy genesing gee. In hierdie geval het Hy dit deur middel van die geloof gedoen wat Hy gegee het.

Almal wat in daardie stadium in die tempel was – **die hele skare wat nou na Petrus luister** – was getuies van die genesing wat plaasgevind het. Dit het in hulle teenwoordigheid gebeur en hulle sien self die man loop. Dieselfde man wat hulle vir jare al as die kreupel bedelaar by die poort ken.

- |  |
|--|
| 28. Wat kan 'n mens aflei uit die wyse waarop Petrus die skare nou aanspreek as <i>broeders</i> ? (vers 17)        |
| 29. Wat het die Jode in onwetendheid gedoen? (vers 17)   |
| 30. Wat het die Jode nie geweet nie toe hulle dit gedoen het? (Hulle owerstes het dit ook nie geweet nie)(vers 17) |
| 31. Hoe kan Petrus sê dat hy <i>weet</i> dat hulle dit in onwetendheid gedoen het? (vers 17)                       |

Die aanklag wat Petrus teen die Joodse skare gemaak het, was hard en duidelik (Hand 3:13-15). Hy het nie doekies omgedraai oor hulle skuld nie. Net soos in die prediking op Pinksterdag het Petrus die skare as Israeliete aangespreek (vgl. Hand 2:22 en Hand 3:12). Maar wanneer Petrus met die oproep tot bekering begin, spreek hy hulle as **broeders** aan.

Met die woord **broeders** maak Petrus duidelik dat hy hulle nie haat oor wat hulle gedoen het nie. Inteendeel, hy vereenselwig hom met hulle. Hulle is sy broeders, nie net omdat hulle van dieselfde vaders – Abraham, Isak en Jakob – afstam nie, maar omdat hulle deel het aan presies dieselfde sonde waaraan Petrus hom ook skuldig gemaak het. Net soos die skare het Petrus ook vir Jesus verloën. Petrus het Jesus drie maal verloën, maar van die skare sê hy twee maal dat hulle Hom verloën het. Omdat Petrus vergifnis ontvang het vir sy misdaad, roep hy die skare as broeders op tot inkeer. Hy wil hê dat hulle ook deel sal kry aan die genade van die Here.

Die Jode het Jesus oorgelewer en voor Pilatus verloën. Hulle het die Heilige en Regverdige verloën en gevra dat 'n moordenaar in sy plek aan hulle geskenk word. Hulle het die Leidsman tot die lewe doodgemaak. Al hierdie dinge, sê Petrus, **het hulle in onwetendheid gedoen.**

**Maar wat sou die skare nie geweet het nie?** Hulle het geweet dat Jesus die Christus en die Seun van God is. Jesus het dit openlik aan die hoëpriester met 'n eed gesê (Luk 22:63-71). Hulle sou kon geweet het dat Jesus met Goddelike gesag opgetree het, want hulle het dit self uit sy woorde en werke agtergekom (Matt 21:23-27; Joh 3:2). Dat die Christus moes ly, het Jesus net aan sy dissipels gesê en nie vir die Joodse volk in die algemeen nie (Matt 16:21-23; 17:22-23; 20:17-19).

Selfs al het die dissipels geweet dat Jesus die Christus moes ly, het hulle ook gesukkel om alles behoorlik te begryp (Luk 24:36-49). Die Jode het nie geweet hoe al die lyding wat Jesus deurgegaan het gerym kan word met die feit dat Hy die Christus en die Seun van God is nie. Hulle het dus nie geweet wat God se wil met sy Kind Jesus was nie. Hulle sou nie geweet het dat God juis sy Seun deur middel van hierdie lyding en dood verheerlik het nie. En hulle het nie geweet dat Jesus se dood en opstanding noodsaaklik was vir die verlossing van sondes nie. Dit is juis omdat Petrus en die ander apostels aanvanklik ook nie alles behoorlik begryp het nie dat hy sê **hy weet** dat hulle onwetend al hierdie verskriklike dinge gedoen het.

Tot groot mate moet hierdie onkunde van die skare toegeskryf word aan hulle eie blindheid as gevolg van hulle sonde. Hulle is ook blind gehou vir die duidelike openbaring in die Skrif aangaande Jesus. Maar nou wil die Here hulle oë open sodat hulle duidelik kan sien en hoor en begryp wie Jesus werklik is. Dit is wat Petrus dan ook in vers 19 aan die skare verkondig. Een ding moet 'n mens egter onthou – sonde uit onwetendheid maak die sonde nie minder erg nie. Dit bly sonde en is strafbaar met die regverdige straf van God.

- |     |   |
|-----|---|
| 32. | Wat bedoel Petrus as hy sê <i>God het op dié manier vervul wat Hy tevore verkondig het?</i> (vers 18) |
| 33. | Hoe het God dit verkondig? (vers 18)  |
| 34. | Wat het God verkondig? (vers 18)  |

**Op die manier** verwys na die onkundige optrede van die skare en die owerstes. God het die onkundige optrede van die Jode gebruik om in vervulling te laat gaan wat Hy tevore deur die profete verkondig het, naamlik dat die Christus moet ly. Hierdie werkswyse van God maak Hom allermens die bewerker van die sonde. Dit sou 'n Godslasterlike gedagte wees. Die Jode en hulle owerstes is van nature sondaars. Volgens hulle natuur het hulle Jesus verwerp toe Hy Homself aan hulle bekend gemaak het as die Christus. Volgens hulle natuur het hulle Jesus oorgelewer en verloën en uiteindelik ook doodgemaak. Vir hulle sondige geaardheid verdien hulle en alle mense alreeds die regverdige oordeel van God.

Daarby moet 'n mens ook Jesus se woorde onthou. Niemand kan na Jesus toe kom en in Hom glo as die Vader dit nie aan hom gegee het om te kom en te glo nie. Hierdie Jode en hulle owerstes het tot in hierdie stadium dit nie van die Vader gekry om in Jesus te glo nie. Maar nou wil die Vader dit aan die uitverkorenes in hierdie skare of miskien ook net aan 'n sekere aantal van die uitverkorenes eers dit gee om te glo. Om hierdie rede lei die Heilige Gees vir Petrus om weer te verkondig wat voorheen al gesê is dat God **deur die profete** tevore verkondig het dat die Christus moet ly. Die tyd wanneer 'n uitverkorene tot inkeer en bekering kom word deur God self bepaal. Geloof gee Hy aan wie Hy wil en wanneer Hy wil.

Selfs in die drie kere wat Jesus sy dood en opstanding in Jerusalem aan die dissipels bekend gemaak het, het Hy nie gesê hoekom dit gaan gebeur nie. Die naaste wat Hy daaraan kom om te sê hoekom dit gaan gebeur is toe Hy gesê dat dit God se wil is. Dit is eers na sy opstanding gedurende die veertig dae voor die hemelvaart dat Jesus aan hulle bekend gemaak het dat dit alles gebeur het sodat Hy die straf op die sonde van mense kon dra. Natuurlik het Jesus dit ook in sy prediking voor die kruisiging bekend gemaak, maar die dissipels het dit nie altyd behoorlik begryp nie. Selfs al kon hulle dit onder andere in die profesie van Jesaja 53 gelees het. Daarin verkondig God juis **die doel van die Kneg van die Here se dood**.

Alhoewel die Here geloof gee aan wie Hy wil en wanneer Hy wil, bly die opdrag aan die predikers om die evangelie aan almal te verkondig. Dit is nie hulle saak aan wie die Here die geloof wil gee en ook nie wanneer die Here dit wil gee nie. In gehoorsaamheid aan die leiding van die Heilige Gees roep Petrus tot die hele skare Jode om dan tot inkeer en bekering te kom.

- |     |  |
|-----|--|
| 35. | Wat is die verskil tussen inkeer en bekeer? (vers 19)                      |
| 36. | Watter gevolg sal daar vir die skare wees as hulle hulle bekeer? (vers 19) |
| 37. | Wat bedoel Petrus met <i>die tye van verkwikking</i> ? (vers 19)           |
| 38. | Wanneer sal die tye van verkwikking kom? (vers 20-21)                      |
| 39. | Was die tye van die wederoprigting onbekend aan die Jode? (vers 21)        |

Om tot **inkeer** te kom beteken dat 'n mens jou siening van 'n saak verander. En wanneer 'n mens dan insien wat 'n saak regtig behels – dat dit verkeerd is en dat jy 'n verkeerde siening gehad het – draai jy om van daardie siening. Petrus het die skare opgeroep nie net om 'n ander siening te hê oor hoe dit gekom het dat hierdie kreupel man genees is nie, maar veral dat hulle moes insien dat hulle siening aangaande Jesus verkeerd was. Hulle moes hulle siening aangaande Jesus verander.

Om jou te **bekeer** is dan die volgende stap nadat jy jou siening verander het. Die skare moes nie nou sommer enige ander siening aangaande Jesus aangryp nie. Hulle moet insien dat Jesus werklik die Seun van God is en dat God deur Jesus se lyding heen die straf op die sonde wil wegneem. En oor hierdie ware insig aangaande Jesus Christus bekeer hulle hulleself – hulle keer terug na God die Vader en sy Seun.

Soos in die preek op Pinksterdag maak Petrus ook hier duidelik dat daar hoop is wanneer die mense tot inkeer kom en hulle bekeer (vgl. Hand 2:38). Die **gevolg van inkeer en bekeer** is die uitwissing van hulle sondes en die aanbreek van die tye van verkwikking van die aangesig van die Here. Hierdie gevolg is inderwaarheid ook 'n belofte van God. Wie in Christus glo, sal nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe hê. Wie tot in inkeer en bekering kom se sondes word deur die bloed van Christus uitgewis. God wil nie meer daaraan dink nie. Dit is verby en klaar. Die toorn van God is nie meer op die bekeerde mens nie. En in die plek van die toorn kom die tye van verkwikking van die aangesig van die Here.

Die **tye van verkwikking** verwys na die regering van Jesus Christus van sy wederkoms af. Om die begrip tye van verkwikking behoorlik te begryp moet vers 19 tot 21 saam geles word. Die tye van verkwikking breek aan wanneer God Hom stuur wat vooraf aan die Jode

verkondig is, naamlik Jesus Christus. God moet dus die Messias terugstuur na die wêreld, sodat die tye van verkwikking kan aanbreek.

Wanneer Christus terugkeer sal Hy finaal oordeel oor die lewendes en die dooies. Die ongehoorsames en ongelowiges sal dan verban word tot die hel en die gehoorsames en gelowiges sal op die nuwe aarde saam met Christus woon. Dan sal die volmaakte regering van Christus, soos wat die Vader dit van die begin af bedoel het, op die aarde wees. Tye van verkwikking is dus 'n beskrywing van die volmaakte regering en wêreld van God waarin daar nooit weer onreg sal wees nie.

Die tye van verkwikking en **die tye van die wederoprigting van alle dinge** word sinoniem gebruik. Die wederoprigting van alle dinge sal plaasvind wanneer Christus teruggekeer het. Totdat daardie tye aanbreek, ontvang die hemel Hom. Dit wil sê, tot en met die wederkoms is en bly Jesus Christus in die hemel aan die regterhand van sy Vader. Dit blyk dat Petrus hier op 'n tipies Joodse manier praat. In plaas daarvan dat hy God by Name noem, sê hy dat die hemel Jesus ontvang.

Petrus stel dit duidelik dat, net soos wat God deur die profete verkondig het dat die Christus moes ly (Hand 3:18), so het God ook deur die profete die tye van die wederoprigting van alle dinge verkondig. **Hierdie tye was dus van ouds af aan die Jode bekend** omdat God dit van ouds af deur die mond van al sy heilige profete gespreek het. Die tye van die wederoprigting van alle dinge is deur Sagaria verkondig (Sag 12:10-14). Joël verkondig die tye ook (Joël 2:18-32 en 3:18-21, vgl. ook Deut 30:1-3; Jer 15:19; 16:15; 24:6; 50:19; Eseg 16:55; Hos 11:11; Rom 11:25-27).

Tog moet 'n mens op let dat die tye van verkwikking reeds begin met die uitwissing van die sondes wanneer mense tot inkeer en bekering kom en in Jesus glo.

- |     |  |
|-----|--|
| 40. | Hoe staan vers 22 tot 26 in verband met die voorafgaande?                            |
| 41. | Watter getuienis gee Petrus aangaande Jesus met die verwysing na Moses? (vers 22-23) |
| 42. | Watter getuienis gee Petrus aangaande Jesus met die verwysing na Samuel? (vers 24)   |
| 43. | Watter getuienis gee Petrus aangaande Jesus met verwysing na Abraham? (vers 25)      |
| 44. | Wartoe roep Petrus die Jode op? (vers 26)  |



Petrus het twee maal nou al na die profete van die Ou Testament verwys. Christus se lyding is deur hulle geprofeteer en die tye van verkwikking of wederoprigting van alle dinge is deur hulle aangekondig (Hand 3:18, 21). Dit is hierdie verwysing na die profete van die outyd wat dan **organies lei** tot hierdie laaste gedeelte van die hoofstuk waarin drie groot profetiese lyne aangedui word. Hierdie drie lyne word verbind aan Moses, Samuel en die wat hom opgevolg het en Abraham.

In vers 22 en 23 haal Petrus die woorde van Moses aan uit Deuternomium 18:15, 18-19. Deur die eeue het Jode hierdie profesie van Moses al meer en meer Messiaans verstaan. Die Here sal 'n profeet uit hulle eie midde opwek. Dit wil sê, hierdie profeet sal een van die volk self wees – van geboorte 'n Israeliet uit die nageslag van Abraham. Hy sal ook iemand wees soos Moses. Dit wil sê, daar sal ooreenstemming wees tussen hierdie profeet en dit wat Moses gedoen het in opdrag van die Here. **Hy sal iemand wees wat sy volk verlos** – Moses het die volk uit Egipte uitgelei – en **hy sal iemand wees wat regspraak oor die volk** – Moses het as regter sake tussen volksgenote beslis.

Vir Petrus was daar geen twyfel nie. Hierdie profeet van wie Moses gepraat het, is Jesus Christus. Hy is die Verlosser van sy volk. En Hy sal terugkom om as Regter te oordeel oor sy volk. Daarom volg die opdrag soos Moses dit verkondig het – na hierdie Profeet moet geluister word en Hy moet in alles wat Hy spreek gehoorsaam word.

Daar volg ook 'n dreigement wat verband hou met die regspraak wat hierdie Profeet gaan uitoefen. Elkeen wat nie na hierdie Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word. Wie nie na Jesus luister en doen wat Hy sê nie, sal nie as deel van die volk van God gereken word nie. En uiteindelik sal so 'n mens ook heeltemal uit die volk van God afgesny word.

In vers 24 herhaal Petrus tot 'n mate wat hy reeds in vers 21 gesê het. Al die heilige profete van God – dit is van Samuel af en die wat hom opgevolg het – het hierdie dae aangekondig. Hierdie dae verwys dan na die tye van wederoprigting van alle dinge. Gesien in die konteks van die hele hoofstuk verwys die wederoprigting van alle dinge nie net na die tye wanneer die Here alles weer volmaak sal maak met die wederkoms van Christus nie. Hierdie

wederoprigting van alle dinge is nou al vir die skare sigbaar. Hier tussen hulle staan 'n man wat vir meer as veertig dae verlam was en nie kon loop nie. Nou loop hy omdat die Here Jesus hom weer opgerig het.

Die enigste profetiese woord wat Samuel gespreek het en in verband met Christus gebring kan word, is die profesie aangaande die bevestig van Dawid se koninkryk in die een uit Dawid se nageslag (2 Sam 7:12 e.v.). Dus verkondig Petrus met hierdie verwysing na Samuel **die volmaakte Koningskap** wat in Jesus Christus 'n werklikheid geword het. Onder hierdie Koningskap vind herstel plaas soos wat God dit aanvanklik bedoel het.

In vers 25 maak Petrus weer 'n persoonlike appèl op die skare. Hy herinner hulle daaraan dat hulle kinders van die profete is. Daarmee bedoel hy dat hulle tog mense is wat weet wat die profete verkondig het. Daarom behoort die gebeure van hierdie dae van wederoprigting van alle dinge nie vir hulle vreemd te wees nie. Die Here het hulle deur die profete se verkondiging hierop voorberei. Daarby is hulle ook nog kinders van die verbond wat God met die vaders opgerig het toe Hy met Abraham gespreek het en gesê het dat al die geslagte van die aarde in sy saad geseënd sal wees. Jesus Christus is **die saad van Abraham in wie al die geslagte van die aarde geseën sal word.**

Christus is wat die vlees betref uit die nageslag van Abraham. Dit is deur die geloof in Christus dat daar vir al die geslagte van Abraham en al die geslagte van die aarde seën sal wees. Christus bewerk die wederoprigting uit die dood van die sonde in die nuwe lewe in. Petrus wys die skare op hulle bevoorregting. Die skare is as Jode bevoorreg, want God het nadat Hy sy Seun uit die dood opgewek Hom heel eerste na die Jode toe gestuur. Christus kom na hierdie skare toe juis in hierdie prediking van Petrus, want Jesus het self gesê wie sy apostels ontvang ontvang Homself in die prediking van die apostels. In die prediking kom Christus na die skare Jode toe om hulle te seën deur hulle van hulle booshede te bekeer. Bekering is dus iets wat die Here eerste doen en daarna doen die mens dit agter die Here aan. Christus wil dus deur die prediking en die seën van bekering wat daarmee saam gaan die skare uit die dood van hulle booshede wederoprig in die nuwe lewe in, soos wat Hy hierdie kreupel man weer opgerig het. Met hierdie verwysing na die Jode se voorreg **roep Petrus die skare op tot bekering en geloof in Jesus Christus.**

## 2.1 Samevatting

Wanneer 'n mens terugkyk op die prediking van Petrus hier in Handeling 3 is dit opmerklik dat hy Christus aan hulle verkondig as die lydende Kneg (Hand 3:13, 18), die profeet soos Moses (Hand 3:22-23), die Koning uit die geslag van Dawid (Hand 3:24) en die saad van Abraham (Hand 3:25-26). Plaas 'n mens ook nog die prediking op Pinksterdag hierby en kyk vooruit na die prediking voor die Joodse Raad kry 'n mens 'n deeglike verkondiging van Christus.

Kronologies gerankskik volgens Jesus se lewe sien 'n mens dat die Ou Testament dit duidelik maak dat Christus van Dawid afstam (Ps 132:11 = Hand 2:30), dat Hy gely het en gesterf as God se Kneg (Jes 53 = Hand 2:23; 3:18), dat die steen wat deur die bouers verwerp is die hoeksteen geword het (Ps 118:22 = Hand 4:11), want God het Hom uit die dood opgewek (Jes 52:13 = Hand 2:25), aangesien die dood Hom nie kon hou nie en God Hom nie sou verlaat om verderwing te sien nie (Ps 16:8 = Hand 2:24, 27, 31), dat God Hom verhef het tot aan sy regterhand tot en met die finale oorwinning (Ps 110:1 = Hand 2:34-35), dat die Heilige Gees deur Hom uitgestort is (Joël 2:28 = Hand 2:16, 33), en nou word die evangelie wêreldwyd verkondig tot aan hulle wat ver is (Jes 57:19 = Hand 2:39), alhoewel die teenstand teen Hom tevore al aangekondig is (Ps 2:1 = Hand 4:25-26), dat mense na Hom moet luister of die verdiende straf vir ongehoorsaamheid moet dra (Deut 18:18-19 = Hand 3:22-23), en dat hulle wat wel luister en glo die seën sal beërf wat aan Abraham belowe is (Gen 12:3; 22:28 = Hand 3:25-26).